# HOËRSKOOL BRANDWAG

## EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## GRAAD 8 VRAESTEL 2

## NOVEMBER EKSAMEN 2022

| | | |
|---|---|---|
| EKSAMINATOR | : | Mev C De Rouwe |
| MODERATOR | : | Mnr Van der Mescht |
| TYD | : | 60 min |
| PUNTE | : | 50 |
| ONDERWERPE | : | EKONOMIE, GELETTERHEID EN ENTREPRENEURSKAP |

Naam en Van________________________________________

| Vraag 1 | Vraag 2 | Vraag 3 | Totaal |
|---|---|---|---|
| (15) | (15) | (20) | (50) |

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie eksamen vraestel bestaan uit TWEE afdelings en DRIE vrae.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Alle vrae is VERPLIGTEND.
4. Lees deur die vrae noukerig en maak seker dat jy genoeg tyd aan elke vraag spandeer.
5. Beantwoord alle vrae op die antwoordblad.
6. STERKTE!

## INHOUD EN TYDSBEREKENING

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD In minute |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | **Kwartaal 3 en 4** | | **15** |
| Vraag 1.1 Meervoudige keuse | | 5 | 5 |
| Vraag 1.2 Pas kolom A by B | | 5 | 5 |
| Vraag 1.3 Woord Bank | | 5 | 5 |
| | | | |
| **Afdeling B** | **Kwartaal 3 en 4** | | **45** |
| Vraag 2 | Vorme van eienaarskap | 15 | 20 |
| Vraag 3 | Vlakke en Funksies van bestuur | 20 | 25 |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **50** | **60 Min** |

**AFDELING A**

**VRAAG 1: KORT VRAE** **(15 punte)**

**VRAAG 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE** **(5 minute)**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir elke vraag gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraag nommer (1.1.1-1.1.5) neer.

1.1.1 Daar is verskeie vlakke van bestuur, onder watter vlak van bestuur val 'n departementshoof.

A Top
B Middel
C Laer
D Gekombineerde vlak

(1)

1.1.2 'n voorbeeld van 'n alleenhandelaar:

A Theron & Theron
B 'n Slaghuis
C els Edms Bpk
D Louis engels Bk

(1)

1.1.3 Watter eienskap is nie gepas op die van 'n goeie bestuur nie.

A Goeie mensverhoudinge
B Moet 'n kenner wees op sy gebied
C Hoef nie altyd te luister na mense nie
D Weet wanneer om die korrekte bestuurstyl te bruik.

(1)

1.1.4 Openbare maatskappy staan ook bekend as 'n....... maatskappy.

A Nie winsgewende
B Private
C Plaaslike
D Publieke

(1)

1.1.5 Die bestuurder hou daarvan om alle belangrike besluite self te neem, baie nou toesig te hou oor die werkers en hulle te bestuur.

A Laissez-faire

B Demokratiese bestuur

C Outokratiese bestuur

D Entrepreneur

(1)

**[5]**

**VRAAG 1.2: PAS KOLOM A BY B** **(5 minute)**

Pas die beskrywings/voorbeelde uit KOLOM B by die terme in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer neer bv 1.2.6 H.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.2.1 Kontinuïteit | A Die eienaar is nie verantwoordelik vir die skuld van 'n besigheid nie. |
| 1.2.2 Beslote Korporasie | B Die bestuurder hou daarvan om alle besluite self te neem. |
| 1.2.3 Beperkte aanspreeklikheid | C Is wanneer 'n persoon aktief vir werk soek maar nie werk kry nie. |
| 1.2.4 Werkloosheid | D Bestaan uit 1-10 lede. |
| 1.2.5 Outokratiese bestuurstyl | E Verwys na wat mense in die land verdien. |
| | F Die vermoë dat 'n sakeonderneming kan voortbestaan met of sonder die eienaar/s, indien hy/ sy iets sou oorkom. |
| | G Die bestuurder hou daarvan om eers premissie te vra voor hy/sy voortgaan met enige iets. |

**[5]**

**VRAAG 1.3: WOORD BANK** **(5 minute)**

Voltooi die volgende stellings deur die mees geskikte woord in die onderstaande boks te kies.

| |
|---|
| Laer; Lewenstandaard; Top; Geskoolde arbeid; Ongeskoolde arbeid, Volhoubaarheid; Demokratiese bestuurskapstyl; Laissez faire; Winsgewend, Nie winsgewend |

1.3.1 Publieke/Openbare maatskappy is 'n ............. maatskappy. (1)

1.3.2 .........laat hul wernemers toe in die besluitnemingsproses. (1)

1.3.3 'n Fabriek toesighouer is 'n voorbeeld van.... vlak bestuur. (1)

1.3.4 ........ word gekenmerk deur 'n hoë vlak van onderrig en kundigheid. (1)

1.3.5 Een nadeel van...... bestuurskapstyl is wanneer belangrike spertye behaal moet word. (1)

**[5]**

**[15]**

**AFDELING B** **(45 minute)**

**VRAAG 2: VORME VAN EIENAARSKAP** **(20 minute)**

**2.1 Gebruik die figuur om die vrae onderaan te beantwoord.**

LOUIS & HENDRIK

***Prokureursfirm***

2.1.1 Watter vorm van eienaarskap word deur die prent hierbo voorgestel? (1)

2.1.2 Noem TWEE eienskappe van hierdie vorm van eienaarskap. (2)

2.1.3 Brei uit oor EEN voordeel en EEN nadeel van die bogenoemde vorm van eienaarskap. (2)

**2.2 Sommige maatskappye verkoop aandele aan die publiek.**

2.2.1 Watter tipe maatskappy verkoop hulle aandele aan die publiek? (2)

2.2.2 Noem EEN nadeel van 'n maatskappy wat hulle aandele aan die publiek

verkoop? (1)

2.2.3 Identifiseer die letters wat gebruik word aan die einde van 'n maatskappy wat aandele aan die publiek verkoop. (2)

2.2.4 Definieer die term aandele. (1)

**2.3 Voltooi die onderstaande table op jou FOLIO papier deur die table oor te teken en in te vul.**

| EIENSKAP | PRIVAAT MAATSKAPPY | OPENBARE MAATSKAPPY |
|---|---|---|
| Aantal eienaars/aandeelhouers | | |
| Regstatus | | |

(4)

**[25]**

**VRAAG 3: VLAKKE EN FUNSKIES VAN BESTUUR. (25 minute)**

**Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.**




3.1 Beskryf die bestuurstruktuur van 'n skool. (6)

3.2 Teken 'n diagram om die verskeie vlakke van bestuur aan te dui. (4)

3.3 Watter vlak van bestuur het die meeste gesag en verantwoordelikheid? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.4 Verduidelik die 4 bestuurstake wat in die verskeie vlakke van bestuur na gekyk moet word. (8)

**[20]**

**[35 AFDELING B]**

---

**GROOT TOTAAL 50 PUNTE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# EKURHULENI NOORD-DISTRIK

## LEWENSORIËNTERING

## GRAAD 8

## 16 November 2022

**PUNTE: /70**
**TYD: 1:30 URE**

70

**Naam en Van:** ______________________________ **Graad:** ________

**INSTRUKSIES VIR KANDIDAAT**

1. Lees al die instruksies sorgvuldig deur voordat jy hierdie vraestel beantwoord.
2. Laat EEN reël oop nadat jy elke afdeling voltooi het.
3. Nommer jou antwoord korrek volgens die nommeringstelsel in hierdie eksamenvraestel.
4. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

**AFDELING A: 25 punte (verpligtend)**

**AFDELING B: 25 punte (Verpligtend)**

**AFDELING C: 20 punte (kies slegs TWEE vrae)**

5. Beantwoord **Afdeling C** in volsinne en in paragrawe.
   Die vrae in hierdie afdeling sal jou vermoë toets om jou kennis en vaardighede toe te pas.
6. Skryf netjies, duidelik en leesbaar.
7. Gebruik 'n blou pen.
8. Daar is **10** bladsye vir hierdie eksamen.

**AFDELING A : 25 PUNTE (VERPLIGTEND)**
**Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.**

**Vraag 1 :** Meervoudige keusevrae

**Omkring die korrekte antwoord. Voorbeeld:** 1.6: D

1.1. Watter stelling is korrek?

a) Menseregte sluit 'n wye reeks van optrede in.
b) Verkragting, marteling en slawerny is van die ernstigste oortredings.
c) Alle menseregteskendings is onaanvaarbaar in die Handves van Regte.
d) Al die bogenoemde. (1)

1.2. Spanbou-aktiwiteite bevorder:

a) Ontwikkeling van kommunikasievaardighede.
b) Moedig jou aan om saam met 'n maat of as 'n span te werk.
c) Uitstekende buitelug ontspanning.
d) Al die bogenoemde. (1)

1.3. Plastiek is skadelik vir die omgewing omdat...

a) Plastieksakke die brose ekosisteem beïnvloed wanneer dit in riviere en damme gegooi word.
b) Plastiek vernietig berge.
c) Dit is die rede waarom mense COVID 19 gekry het
d) Plastiek is skadelik vir ons omgewing omdat ons nie meer sport kan beoefen nie. (1)

1.4. Die besluitnemingsproses verwys na...

a) Om noukeurig te ondersoek en te evalueer.
b) Stres en angs
c) Die stappe wat ons moet neem wanneer ons met verskillende opsies in die lewe gekonfronteer word.
d) Depressie (1)

1.5. Diversiteit in tale.

a) In Suid-Afrika praat ons net twee tale.
b) Ons hoef nie ander kulture se tale te respekteer nie.
c) Hoe minder tale ons praat hoe meer kan ons die mense in Suid-Afrika beheer.
d) Suid-Afrika het 11 amptelike tale. (1)

**[5]**

**Vraag 2 :**

**Definieer die volgende konsepte en skryf antwoorde in die spasie wat voorsien word.**

2.1. COVID-19 (koronavirus)

________________________________________

________________________________________ (1)

2. 2. Pandemie

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

2.3. Epidemie

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

2.4. Inperking

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

2.5. Onsmettingsmiddel

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(1)

**[5]**

**Vraag 3**

Pas Kolom **A** by Kolom **B.** Skryf slegs die nommer en die ooreenstemmende letter in Kolom **C** neer.
**Voorbeeld: (3.6: I)**

| | KOLOM A | | KOLOM B | KOLOM C |
|---|---|---|---|---|
| 3.1. | R.Y.D.O | A | Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie | |
| 3.2. | WESSA | B | Inheemse kennisstelsel | |
| 3.3. | NAPWA | C | *Wildlife and Environmenal Society* van Suid-Afrika | |
| 3.4. | SAMRK | D | Rus, Ys, Druk en oplig | |
| 3.5. | IKS | E | Die Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep | |
| | | F | Departement van Waterwese en Bosbou | |
| | | G | Anti-retrovirale middels | |
| | | H | Nasionale Vereniging van Mense wat MIV en VIGS het (National Association for people with AIDS). | |

**[5]**

**Vraag 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**Omgewingsgesondheidskwessies**

Dit is ons verantwoordelikheid as mense wat op aarde leef om oplossings te vind vir die probleme wat ons op aarde veroorsaak het en ons moet ons gedrag te verander. Ons moet volhoubare maniere vind om te lewe. Die vestiging en beveiliging van lewensvatbare natuur- en biosfeerreservate, insluitend wilde lande en mariene gebiede, om die Aarde se lewensondersteuningstelsels te beskerm. Ons moet biodiversiteit handhaaf en ons natuurlike erfenis bewaar. Bevorder die herstel van bedreigde spesies en ekosisteme. Beheer en roei nie-inheemse of geneties gemodifiseerde organismes uit wat skadelik is vir inheemse spesies en die omgewing en voorkom die inbring van sulke skadelike organismes. Bestuur die gebruik van hernubare hulpbronne soos water, grond, produkte uit woude en seelewe op maniere wat nie die tempo van herlewing oorskry nie en wat die gesondheid van ekosisteme beskerm. Verseker dat besluitneming die kumulatiewe, langtermyn-, indirekte, langafstand- en globale gevolge van menslike aktiwiteite aanspreek. Verminder, hergebruik en herwin die materiaal wat in produksie- en

verbruikstelsels gebruik word, en verseker dat oorblywende afval deur ekologiese stelsels geassimileer kan word.
Alle lewe op aarde is op koolstof gebaseer. Plante gebruik koolstofdioksied om suurstof te maak, en mense en diere asem suurstof in en produseer koolstofdioksied.
As die koolstofsiklus versteur word, beïnvloed dit alle lewe op ons planeet.

4.1. Noem **DRIE** dinge waarop mense staatmaak om aan die lewe te bly, gesond te bly en op aarde te kan lewe?

___

___

___ (3)

4.2. Noem **EEN** siekte veroorsaak deur swak omgewingstoestande.

___ (1)

4.3. Noem **TWEE** spesies van diere wat as gevolg van menslike optrede uitgesterf het.

___

___ (2)

4.4. Hoe kan ons die koolstofbalans behou wat ons nodig het om te verseker dat daar genoeg plante is wat suurstof produseer?

___

___

___

___ (2)

4.5. **Neem standpunt in teen omgewingsgesondheidsmisbruik!**
Gee elke Suid-Afrikaner raad oor hoe om saam te werk om 'n verandering te maak om ons omgewing te beskerm.

___

___

___

___ (2)

**[10]**

**TOTALE AFDELING A: [25]**

**AFDELING B: 25 punte (VERPLIGTE)**
Jy moet AL die vrae in hierdie afdeling beantwoord.

<u>Vraag 5:</u> Kies die korrekte terminologie vir die stelling wat verskaf word.

| | | |
|---|---|---|
| **Kulturele diversiteit**<br>**Ekosisteem**<br>**Kulturele norme en waardes** | **Nasiebou**<br>**Omgewingsgesondheidskwessies**<br>**Natuurlike Geregtigheid** | **Reënboognasie**<br>**Lobola**<br>**Sosiale ontwikkeling** |

5.1. Om saam te werk om alle stelsels en houdings in 'n land te versterk.

______________________________________ (1)

5.2. Die verskillende tale, tradisies en gelowe van kulture.

______________________________________ (1)

5.3. In Xhosa- en Zoeloe-kulture is dit die gewoonte dat die bruidegom se familie onderhandel vir betaling vir die bruid.

______________________________________ (1)

5.4. Ons samelewing bestaan uit mense van baie verskillende kulture.

__________________________________________ (1)

5.5. Praktyke en tradisies van godsdiens of kultuur wat mense volg.

__________________________________________ (1)
**[5]**

<u>**Vraag 6**</u>

**Kies** die korrekte antwoord uit die **tekskassie** om die volgende stellings te voltooi.

| |
|---|
| bui, beta-endorfien, sterk- en swakpunte, daagliks, weekliks, gevoelens, dagboek, veilig, dwelms, emosies, stres, uitsien, hormone, water, anders, huil. |

6.1. Oefening produseer groter as gemiddelde hoeveelhede van ____________________. (1)

6.2. Los jou gevoelens op, op ‘n manier wat ______________________________ is. (1)

6.3. Dit is goed om 'n ______________________ te hou waar jy jou gedagtes neerskryf. (1)

6.4. 'n Persoon met 'n goeie selfbeeld is bewus van sy eie _________________________. (1)

6.5. Jy moet jouself dwing om elke dag iets _____________________________ te doen. (1)
**[5]**

## Vraag 7

Lees die artikel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:




### Lewe met MIV

Suid-Afrika het die hoogste aantal nuwe MIV-infeksies ter wêreld.
Alhoewel MIV nie genees kan word nie, het die lewensverwagting vir mense met MIV oor die afgelope 20 jaar vinnig verbeter, as gevolg van moderne behandeling wat help om die toestand te beheer. Dit beteken dat die lewensverwagting vir iemand wat met MIV leef, wat vroeg met anti-retrovirale behandeling begin het en op behandeling reageer, nie verskil van die algemene bevolking nie.
As jy egter MIV het, is daar verskeie faktore wat 'n impak sal hê. Dit sluit in of jy rook, dwelms of alkohol gebruik, veilige seks beoefen, oefen en 'n gesonde dieet volg.

Hope is 'n 17- jarige meisie wat by haar ouers woon. Sy is baie gesellig, speel sport en is baie geliefd onder haar maats. Haar ouers het onlangs vir haar gesê dat sy MIV-positief is. Hulle het haar na 'n dokter geneem en vir haar anti-retrovirale medisyne gegee. Hope neem die pille presies soos die dokter vir haar gesê het en sy glo regtig dit sal help. Sedert sy uitgevind het, was sy depressief en het opgehou om sport te beoefen of met haar vriende te ontmoet. Sy is baie gestres en lê snags wakker. Sy het begin rook om haar te help met stres. Haar ouers was ondersteunend en doen baie navorsing sodat hulle kan verstaan wat Hope kan doen om 'n goeie lewensgehalte te hê.

7.1. Noem **TWEE** maniere hoe 'n mens deur MIV geïnfekteer kan word.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________(2)

7.2. Gee Hope raad wat haar sal help om haar siekte op verskillende maniere te bestuur sodat sy 'n lang en gesonde lewe kan lei.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________(4)

7.3. In Hope se geval, hoe het sy met die MIV-virus besmet geraak?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________(1)

7.4. Skryf 'n kort brief aan Hope. In die brief moet jy haar **raad gee** oor hoe om positief te bly regdeur haar siekte en haar help om **doelwitte** vir haar toekoms te stel sodat sy weer 'n normale lewe kan lei.

_______________________________________________________________________________(3)

[10]

**Vraag 8**

Gee goeie raad aan die jeug oor hoe om te help om te sorg vir mense wat met MIV en vigs leef.

_______________________________________________________________________________(5)

**TOTALE AFDELING B: [25]**

**AFDELING C: 20 PUNTE (KIES SLEGS TWEE VRAE)**

Kies slegs **TWEE** vrae uit die drie vrae hieronder:

**Vraag 9**

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




**Vereer Aardedag**

Aardedag het 'n wêreldwye beweging geword. Elke jaar, op die 22ste April, werk mense van regoor die wêreld saam om omgewingskwessies uit te lig en aan te spreek. Mense wat aan Aardedag deelneem, glo dat dit ons verantwoordelikheid is om oplossings te vind omdat mense die probleme veroorsaak het waarmee die Aarde nou te kampe het.

9.1. Skryf DRIE idees neer oor hoe mense Aardedag kan vier. (3)

9.2. Skryf 'n opstel in paragraafvorm en bespreek die volgende:
Toepassing van wette en beleide om omgewingsgesondheid te beskerm. (7)

**RUBRIEK**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Die kandidaat kan net een idee verskaf oor hoe om Aardedag te vier. 1 | Die kandidaat kan slegs net twee idees verskaf oor hoe om Aardedag te vier. 2 | Die kandidaat kan slegs drie idees verskaf oor hoe om Aardedag te vier. 3 |
| 9.2 | Die kandidaat het min begrip van toepassing van wette en beleide om omgewingsgesondheid te beskerm. 0-2 | Die kandidaat het 'n mate van kennis van wette en beleide om omgewingsgesondheid te beskerm. 3-4 | Die kandidaat het 'n goeie begrip en kennis van wette en beleide rakende omgewingsgesondheid. 5-7 |

(10)

**Vraag 10**

Met soveel verskillende tipes werk en beroepskeuses beskikbaar, kan dit jou dalk help in jou beroepskeuse om dit in verskillende kategorieë te verdeel.
Skryf 'n opstel waarin jy **VYF** beroepskategorieë lys en die stel **VAARDIGHEDE** wat vir elke kategorie benodig word.






## RUBRIEK

| | | | Puntetoekenning |
|---|---|---|---|
| Kan nie die loopbaankategorieë lys nie.<br>0-1 | Kan sommige van die loopbaankategorieë te lys.<br>2-3 | Kandidaat het al die loopbaankategorieë gelys.<br>4-5 | |
| Kandidaat het geen begrip van vaardighede wat nodig is nie.<br>0-1 | Slaag daarin om sekere vaardighede te identifiseer wat vir elke kategorie benodig word.<br>1-2 | Kandidaat het 'n goeie begrip getoon van vaardighede wat vir elke kategorie benodig word.<br>4-5 | |

(10)

## Vraag 11

Geslagsgebaseerde geweld is hoofsaaklik geweld deur mans teenoor vroue. Dit sluit enige handeling of dreigement in wat fisiese, seksuele of sielkundige skade veroorsaak as gevolg van geslag.

- Skryf 'n opstel oor geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika en verduidelik die emosionele, gesondheid en sosiale impak waaraan slagoffers ly.







**Rubriek**

| | | | Merk Toekenning |
|---|---|---|---|
| Die kandidaat het geen kennis van geslagsgebaseerde geweld nie.<br>0-1 | Die kandidaat kan 'n paar voorbeelde van geslagsgebaseerde geweld identifiseer.<br>2 - 3 | Die kandidaat het 'n uitstekende begrip en verduideliking van geslagsgebaseerde geweld.<br>4-5 | |
| Die kandidaat kan nie die impak van geslagsgebaseerde geweld van slagoffers identifiseer nie.<br>0-1 | Beperkte identifikasie van die impak wat dit op slagoffers het.<br>2 - 3 | Die kandidaat het volle begrip van die impak wat geslagsgebaseerde geweld op 'n slagoffer het.<br>4 - 5 | |

(10)

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

Moderated: [signature]
Date: 2/11/2022

Hoërskool Brandwag

English First Additional Language

Grade 8

Task 10 – Controlled Test

18 November 2022

Total: 60 marks

Time: 2 hours

Examiner: V. Moore

Moderator: S. Dormehl

---

Name and Surname: ______________________________ Grade 8: ____

**Instructions:**

1. This paper consists of four sections.
   **Section A: Literary/ Non-Literary text (20 marks)**
   **Section B: Visual Literacy (10 marks)**
   **Section C: Summary (10 Marks)**
   **Section D: Language structures and conventions (20 marks)**
2. **Number** the questions correctly according to the question paper.
3. **Thoroughly read** through the questions before attempting to answer.
4. Pay special attention to **spelling and sentence structure.**
5. Write **neatly and legibly.**
6. Write using a **blue** pen.
7. Make sure that you indicate each section.
8. This question paper consists of 8 pages.

**Section A: Comprehension**

**Question 1**

Look at the text bellow and answer the questions that follow.

**We need to be as busy as bees.**

Paragraph 1
Bees are unique insects belonging to the classification Hymenoptera. There are approximately 20,000 distinct species. Bees are thought to be social insects since they live in colonies and work closely together. These small flying insects are also responsible for producing a 1/3rd of the world's food supply through pollination. And since they produce a valuable resource such as honey, many people have started beekeeping as a hobby.

Paragraph 2
The bee's life cycle has four stages. These are egg, larva, pupa, and then finally adult. The overall life cycle for other bees, such as drones and worker bees, is similar but may differ in terms of days and developments.

Paragraph 3
The first stage of a bee's life cycle begins when the queen lays eggs. Ideally, a queen bee lays over 2000-3000 eggs per day. The fertilized eggs go on to hatch into female honey bees, which are also known as worker bees. Meanwhile, the unfertilized eggs hatch to become male bees, also known as drones.

Paragraph 4
The queen bee is very selective about the cell she wants to lay eggs in. If the cell isn't spotless, she'll move on to another cell to lay eggs. The queen lays her eggs upright, which might be hard to see with the naked eye. Moreover, the eggs' overall width is 0.4 mm, so they're very hard to see. Workers are responsible for regulating the female to male population ratio. They do so by making smaller cells for female workers and larger cells for male workers.

Paragraph 5
After three days, the egg hatches into a larva in which the bee is a worm-like creature. Then the pupa stage arrives. In this stage the bee takes on familiar characteristics as an adult bee and begins developing a pink colour at first, then purple, and then finally black.

Paragraph 6
Each honeybee has a different role after it hatches from the eggs. As we mentioned before, there are numerous honeybees in the hives. These bees also have a significant difference in terms of roles and duties. In a hive, the queen bee is the only female that gets to reproduce. The task of female worker bees is to make the hive and guard the queen, while the male bees, take off in search of other queen bees looking to mate.

Paragraph 7
A worker bee is the most integral part of the beehive. All these workers are female and often change their tasks as they age. Younger female workers engage in work inside the nest, which includes taking care of the queen and the larvae. This means that almost every bee that we ever see is a female.

450 words

Adapted from: Bee Life Cycle - Learn About Nature

Refer to the title

1.1 Explain the simile used in the title. (1)

Refer to paragraph 1

1.2 The following statement is true. **Quote** a sentence to prove your answer. (1)

*There are many different types of bees.*

1.3 In the text it says that bees are social insects. What does this mean? (1)

1.4 **List** two things that bees help society with. (2)

Refer to paragraph 2

1.5 Name the four life stages of the bee. (1)

Refer to paragraph 3

1.6 How many eggs does a queen bee lay per day? (1)

1.7 Explain what determines female and male bees. (2)

Refer to paragraph 4

1.8 Describe what happens when worker bees make smaller cells. (1)

1.9 What does the abbreviation mm stand for? (1)

Refer to paragraph 5

1.10 In what way does the physical appearance of a bee change during the pupa stage? (2)

Refer to paragraph 6

1.11 Give a **synonym** for the word "guard". (1)

1.12 Compare the roles of the male drones and female worker bees. (2)

Refer to the text as a whole

1.13 Do you think that bees are important to humans? Explain your answer. (2)

1.14 In your opinion do you think that the roles between female and male bees are distributed fairly? Give a reason for your answer. (2)

**Total section A: (20)**

---

**Section B: Visual Literacy**

**Question 2**

Study the cartoon below and answer the questions that follow on the next page.



Refer to frame 1 to 4

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | What is Calvin doing in this frame sequence? | (2) |
| 2.2 | What emotion is Calvin feeling in frame 4? | (1) |
| 2.3 | List two visual clues to support your answer in 2.2 | (2) |

Refer to frame 5

| | | |
|---|---|---|
| 2.4 | Compare the size of the bee to the size of Calvin. What does this indicate? | (2) |

Refer to frame 7

| | | |
|---|---|---|
| 2.5 | What is the setting of this frame? | (1) |
| 2.6 | How is humour created in this comic strip? | (1) |

Refer to the cartoon as a whole

| | | |
|---|---|---|
| 2.7 | In your opinion what is the best way to remove the "harpoon" from the boy? | (1) |

**Total section B: (10)**

---

**Section C: Summary**

**Question 3**

In no more than **70 words**, write down SEVEN ways to save the bees according to the passage on the next page.

**Instructions:**

- List **7 facts** in full sentences and in point form.
- Number your sentences from one to seven.
- Write down ONLY ONE fact per sentence.
- Use your own words as far as possible
- Indicate your word count in brackets at the end of your summary.
- Do NOT exceed 70 words

**Total section C: (10)**

**Section C: Summary**

## Question 3

### How Do We Save the Bees?

The bee population over the world is rapidly declining. We as humans need to take action and protect our buzzing friends.

It's important to leave a little ground bare in your yard or garden. Bees are solitary creatures. About 70% of them dig a nest in the ground to raise their young. Many pesticides have been linked to killing bees. Instead of spraying the toxic chemicals that hurt our health and detriment the atmosphere, look for plants that naturally repel pests such as garlic for aphids or basil for tomatoes.

Even better, you can also grow organic food such as fruits and vegetables. You don't have to use pesticides that can contaminate the soil and the seeds. Every time you purchase some raw, local honey, you are supporting local beekeepers and their bees. What makes raw, unheated honey so great? It's unpasteurized and undiluted, meaning it's brimming with antioxidants. You can save bees by buying raw local honey in the grocery stores or the farmer's market.

You can ensure that they have plenty of food sources. Consider investing in bee-friendly plants. These can range from flowering plants such as wildflowers to herbs, trees, and shrubs. Some excellent choices are: Blackberry or raspberry, Strawberry, Lily of the valley, Sage, Rhododendron, Honeysuckle, Sunflower, Butterfly bush, Dahlia. These plants don't only serve as food for bees. They can also improve your home's curb appeal.

Don't forget to give them water as well! All you need is a bucket filled with clean water and corks for them to land on. If bees impact nearly every bite of food we take, it's important we make a change in our habits. We have to support our local pollinator friends. Another sure-fire way to make their voices heard is by telling everyone about their struggle. Do your part and spread the news!

Adapted from https://well.org/environmental/how-do-we-save-the-bees

## Section D: Language

## Question 4

Look at the text bellow and answer the questions that follow.

**Bees paint an important picture**

Humans need bees. One out of three meels consumed by humans is made possible by honeybees. They are so important that if all the honeybees were to die out thousands of plants would follow which could lead to millions of people starving in the following years. Says Dr Nicol Duraght. The dollar value of plants pollinated by them is around $263 million. Einstein said, "if honeybees die out humans will follow a few years later…" Its unsettling to see bees kick the bucket, ____ beekeepers all over the world have seen an annual loss of their bee colonies. America averages at a 70% decrease. Experts have called this phenomenon Colony Collapse Disorder. Over the last few decades bees have seen an invasion of various foes. One of these foes is/are a mite that drains essential fluids from bees which leads to wing deformities. Flying is then impossible for these bees. Another thing that greatly influences the death rate of bees is the use of chemicals such as Neonicotinoids which is used in pesticides and even some vapes. These chemicals slowly suffocate the bees. These poor bees don't even stand a chance unless we do something to help.

Adapted from Kurtzgesagt-The death of bees

4.1 Refer to line 1. Rewrite the following sentence in the passive voice. (2)

**Humans need bees.**

4.2 Correct the spelling error in line 1 (1)

**One out of three meels consumed by humans is made possible by honeybees.**

4.3 Identify and write down the compound noun in line 2. (1)

4.4 Look at the following sentence and answer the questions that follow:

**Einstein said, "If honeybees die out humans will follow a few years later...**

4.4.1 Identify and write down a proper noun. (1)

4.4.2 Identify and write down two common nouns. (2)

4.5 Refer to line 5. Rewrite the following sentence in reported speech. Start with: Einstein said that.... (3)

**Einstein said, "If honeybees die out humans will follow a few years later..."**

4.6 What is the function of the ellipsis in line 6 (1)

4.7 What is the meaning of the euphemism in line 6? (1)

4.8 Rewrite the sentence and fill in the missing conjunction. (1)

**Its unsettling to see bees kick the bucket, ____ beekeepers all over the world have seen an annual loss of their bee colonies.**

4.9 There is ambiguity in the title of this text. Explain the two different meanings of the title. (2)

4.10 Choose the correct answer. (1)

**One of these foes is/are a mite that drains essential fluids from bees which leads to wing deformities.**

4.11 Rewrite the following sentence in the past tense. (1)

**These chemicals slowly suffocate the bees.**

4.12 Look at the use of the word <u>poor</u> in line 15

4.12.1 Is this word used literally or figuratively? (1)

4.12.2 The writer makes use of emotive language. Does this word have a positive or negative connotation? Explain your answer. (2)

**Total section D: (20)**

**Grand total: (60)**

**HOËRSKOOL BRANDWAG**
**WISKUNDE**
**GRAAD 8**
**PROJEK: KWARTAAL 3**

**Datum:** 12 September 2022
**Tyd:** 3 weke (vanaf 22 Augustus)
**Totaal:** 20 punte

**Eksaminator:** Me. R van der Walt
**Moderator:** Me. M Viljoen

---

**Instruksies:**

1. Hierdie projek bestaan uit **Afdeling C** met **3 bladsye**.
2. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
3. Toon alle formules en berekeninge (slegs antwoorde verdien nie noodwendig volpunte nie).
4. Rond af tot twee desimale plekke tensy anders aangedui.
5. Sterkte en lekker skryf!

___ / 20

---

**Naam en Van:** ______________________________ **Graad 8.**____

---

## AFDELING C [20]

## ONTWERP JOU EIE KAART

Vir hierdie projek moet jy jou eie denkbeeldige woongebied maak. Die woongebied moet bestaan uit:

- parallelle lyne
- loodregte lyne
- snylyne
- 2D-vorms
- bome
- plante

Jy gaan volgens die aangehegte rubriek geassesseer word.

## Instruksies

### 1. Voorkoms

- Die projek moet op 'n $A3$-papier voltooi word.
- Jou projek moet kleurvol en netjies wees.
- Skryf jou naam regs bo op die papier.
- Jy mag enige ander bykomende inligting ook bysit, solank dit nie inmeng met die vereistes of die voorkoms van die taak nie.
- Gebruik verskillende ('n verskeidenheid) 2D-vorms vir die geboue.
- Wees kreatief!
- Jou projek moet jou EIE werk wees.

### 2. Strate

- Dui in die boonste linkerhoek van die kaart die naam van jou woongebied asook die aantal huise in jou woongebied, aan.
- Teken drie strate wat parallel aan mekaar is, elke straat moet sy eie naam hê.
- Teken twee dwarsstrate (systrate), dit wil sê twee strate wat al drie die parallele strate sny.
- Elke dwarsstraat moet 'n naam hê en die twee dwarsstrate mag nie parallel aan mekaar wees nie.
- Teken verkeersligte of stoptekens by vier verskillende kruisings.

### 3. Geboue

3.1 Jou kaart moet die volgende geboue insluit:

- Winkel
- Skool
- Poskantoor
- Polisiestasie
- Bank
- Biblioteek
- Vulstasie
- Jou huis
- Kerk

3.2 Maak seker dat jou geboue volgens die verskillende soorte vierhoeke of 2D-vorms geteken is.

3.3 Alle geboue moet benoem word.

4. **Ligging van die geboue**

4.1 Die geboue moet as volg geteken word:

- die huis en die skool vorm verwisselende hoeke.
- die poskantoor en die bank vorm ko-binnehoeke.
- die kerk en die polisiestasie vorm ooreenkomstige hoeke.
- die biblioteek en die poskantoor vorm regoorstaande hoeke.
- die vulstasie en die winkel vorm hoeke op 'n reguit lyn.
- die kerk en jou huis vorm ooreenkomstige hoeke.

5. **Park**

5.1 In die onderste linkerhoek van jou kaart teken jy 'n park. Die park moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Die park is 'n vierkant (sye $10cm$).
- Binne-in die vierkant is die volgende:
  - 'n ronde sandput (deursnee $4cm$).
  - 'n reghoekige swembad met 'n lengte van $4cm$ en 'n breedte van $2cm$.
  - 'n dam met 'n radius van $2cm$.
  - 'n reghoekige driehoek vir die piekniekarea.
- Benoem alles wat jy geteken het.

6. **Addisionele/bykomende inligting**

- Jy moet enige ander vyf items van jou keuse by jou kaart voeg soos byvoorbeeld:
  - 'n glyplank en 'n swaai vir die park.
  - piekniektafels in die piekniekarea.
  - addisionele paaie, mense, bome, motors en vragmotors op die paaie.
  - verkeerstekens.
  - treinspoor.
  - busstop.
  - rivier en so meer.

**Totaal: 20 punte**

# Hoërskool Brandwag

## Tegnologie

**Naam en van: ______________________________ Graad 8___** **Datum : 15/09/2022**

**Tyd: 45 min**

1.) Gebruik die onderstaande aansigte om 'n volledige isometriese skets te teken van die voorwerp. ( begin by punt A, en teken instrumente moet gebruik word)




Instruksies:

1.Gebruik 'n potlood vir sketse.

2. Sketse wat gegee is , is nie volgens skaal geteken nie.




Skets: /7
Netheid: /3

(10)

2. Teken die volgende isometriese sirkels: (Gebruik teken instrumente).

Die bo-aansig van 'n sirkel met 'n radius van 25 mm :



(6)

'n Sy-aansig van 'n sirkel met 'n deursnee van 60 mm:



(6)

**Totaal : /22**

BRANDWAG

**TERMYN 3 - SKOOLGEBASEERDE ASSESERINGSTAAK**

**GRAAD 8**

**EKSAMINATOR: J. Pope** **PUNTE: 50**

**MODERATOR: B. v.d. Mescht** **TYD: 60 minute**

**NAAM EN VAN:** ____________________________________________ **GRAAD 8:**______

**INSTRUKSIES**

1). Hierdie vraestel bestaan uit 3 vrae, al 3 vrae is verpligtend.

2). Vul al jou antwoorde in die gegewe spasies in.

3). Skryf netjies en leesbaar.

| VRAAG 1 | VRAAG 2 | VRAAG 3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| | | | |

**VRAAG 1: WAAR OF VALS** **[10]**

Dui in elkeen van die onderstaande gevalle aan of die stelling waar of vals is. Skryf slegs die woord **WAAR** of **VALS** langs elke stelling neer.

| Nr | Stelling | Waar of vals |
|---|---|---|
| 1.1 | EFO's word in die KBJ in nommer volgorde ingevul. | |
| 1.2 | Elke maand kry sy eie KOJ en KBJ. | |
| 1.3 | Joernale is die 4de stap in die rekeningkundige vergelyking. | |
| 1.4 | Bankkoste word altyd in die KOJ geskryf. | |
| 1.5 | Kasregisterstrokies kan in die plek van kwitansies aan klante uitgereik word. | |
| 1.6 | 'n Joernaal is die boek van eerste inskrywing. | |
| 1.7 | Oorspronklike kwitansies word in die KOJ opgeskryf. | |
| 1.8 | Die bankkolom en die totaal van die ander kolomme in die KBJ, is altyd gelyk aan mekaar. | |
| 1.9 | Inskrywings in die KBJ laat die onderneming se geld in die bank toeneem. | |
| 1.10 | 'n EFO wat vir meer as een rede gemaak is, se totale bedrag sal in die bankkolom wees. | |

**VRAAG 2: TEORIE** **[10]**

Beantwoord elk van die onderstaande vrae in die spasie wat voorsien word.

**2.1:** Wat noem ons die dokument wat gebruik word om die inligting te kry van kontantonttrekkings? (1)

________________________________________

**2.2:** Noem 3 voorbeelde van verbruiksgoedere. (3)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**2.3:** Lys twee items waaruit Bankkoste kan bestaan. (2)

________________________________________

________________________________________

**2.4:** Waarvoor staan die afkorting EFO? (1)

________________________________________

**2.5:** Wat noem ons dit wanneer die eienaar geld uit die besigheid uit van vir sy persoonlike gebruik? (1)

________________________________________

**2.6:** Maak transaksies in die KBJ die geld in die bank meer of minder? (1)

________________________________________

**2.7:** Waarvoor staan die afkorting KBJ? (1)

________________________________________

**VRAAG 3: KONTANTBETALINGSJOERNAAL** **[30]**

Chic Fabrics and Sewing is 'n nuwe sakeonderneming wat op 1 Julie hulle deure geopen het. Hulle verkoop 'n verskeidenheid materiale en kramery. Hulle doen egter ook naaldwerk vir hulle klante. Die eienaar is Mnr. F. Haffajee.

Opdrag:
Teken die onderstaande transaksies in die kontantbetalingsjoernaal aan.

4. Koop handelsvoorraad per EFO001 by Centurion Fabrics, R225 000.

8. Doen 'n EFO betalings aan City of Tshwane vir die nodige water en ligte, R1 750.

11. Koop kantoortoerusting by Makro en betaal via EFO, R25 340.

12. Betaal die huur vir die maand vooruit aan Ronnie Ontwikkelaars, R6 800.

13. Bestel die nodige skryfbehoeftes vanaf Waltons en betaal per EFO, R1 574.

    Trek kontant vir lone, R2 400.

15. Koop 'n afleweringsvoertuig, R144 000 by Jumbo Motors en betaal per EFO.

19. Die eienaar onttrek kontant van R300 vir persoonlike gebruik.

    Koop handelsvoorraad by Centurion Fabrics en betaal per EFO, R22 350.

21. Koop verbruiksgoedere per EFO van Makro, R1 776.

23. Betaal die telefoonrekening aan Telkom per EFO, R2 825.

27. Maak 'n EFO betaling aan RegKoop vir verbruiksgoedere R2 468

28. Trek kontant om lone te betaal, R2 400.

30. Die eienaar onttrek kontant vir eie gebruik, R1 000.

31. 'n Tjek word uitgereik aan I. Palmer, die bestuurder, vir sy salaris, R20 000.

## Kontantbetalingsjoernaal van Chic Fabrics and Sewing vir Julie 2022

| Dok | Dag | Naam van begunstigde | Bank | Handels-voorraad | Lone | Ontrekkings | Diverse rekeninge | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Besonderhede |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |

# HOËRSKOOL BRANDWAG
# WISKUNDE
# GRAAD 8
# TOETS: KWARTAAL 3

**Datum:** 20 September 2022
**Tyd:** 1 uur
**Totaal:** 60 punte

**Eksaminator:** Me. R van der Walt
**Moderator:** Me. M Viljoen

---

**Instruksies:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **10 bladsye** en **6 vrae**.
2. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
3. Toon alle formules en berekeninge (slegs antwoorde verdien nie noodwendig volpunte nie).
4. Rond af tot twee desimale plekke tensy anders aangedui.
5. Sterkte en lekker skryf!

___ / 60

---

**Naam en Van:** ______________________________ **Graad 8.**____

---

## Vraag 1 [13]

Vereenvoudig elk van die volgende uitdrukkings:

1.1 $-3x + 5x - x$

______________________________ (1)

1.2 $11x^2 - 8x + 1 - 11 - 7x + 13x^2$

______________________________ (1)

1.3 $-6y^3(2y^2 - 3)$

______________________________ (1)

1.4 $3(x+3y)+2(2x-y)$

(3)

1.5 $\frac{-3x^2+9x^4}{-3x^2}$

(2)

1.6 $\sqrt[3]{64x^{15}y^{12}}$

(1)

1.7 $\sqrt{100x^4-64x^4}$

(2)

1.8 Bereken die waarde van $x^3+2x+y^3-4$ as $x=2$ en $y=3$.

(2)

## Vraag 2 [9]

Los die vergelykings op (bereken die waarde van $x$) deur al jou stappe te toon. Geen sakrekenaar mag gebruik word nie.

2.1 $x - 40 = 5$

(1)

2.2 $6x - 3 = 9 + x$

(2)

2.3 $2(x - 2) = 10$

(3)

2.4 $\frac{2x}{5} + 3 = 11$

(3)

## Vraag 3 **[5]**

Kies die korrekte antwoord deur jou keuse te omkring.

3.1 In die onderstaande diagram is die waarde van $x = 55°$. Die rede daarvoor is:




a) Verwisselende hoeke $BA \parallel CD$
b) Ooreenkomstige hoeke $BA \parallel CD$
c) Ko-binnehoeke $BA \parallel CD$
d) Teenoorstaande hoeke is gelyk. (1)

3.2 Die volgende figuur is nie 'n voorbeeld van 'n vierhoek nie:
a) Trapesium
b) Parallelogram
c) Pentagoon
d) Ruit (1)

3.3 In die onderstaande figuur is $x$ gelyk aan:




a) $x = 60°$
b) $x = 100°$
c) $x = 40°$
d) $x = 140°$ (1)

3.4 Indien $AB \parallel CD$, sal die ______________ hoeke saam $180°$ vorm.
a) Regoorstaande
b) Ko-binne
c) Ooreenkomstige
d) Verwisselende (1)

3.5 In die onderstaande figuur is $x$ gelyk aan:




a) $x = 44°$
b) $x = 15°$
c) $x = 25°$
d) $x = 180°$ (1)

## Vraag 4 [8]

4.1 Bereken die grootte van $x$, met redes.




| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(3)

4.2 $PQRS$ is 'n parallelogram. Bestudeer die skets en beantwoord die vrae:



4.2.1 Bereken die grootte van $x$, met redes.

| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(2)

4.2.2 Bereken die grootte van $y$, met redes.

| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(3)

## Vraag 5 [5]

5.1 Bereken die grootte van $x$, met redes:




| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(2)

5.2 Bereken die grootte van $x$, met redes.




| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(3)

## Vraag 6 [20]

6.1 Bestudeer die skets en voltooi die tabel deur die nodige redes in te vul. Jy kan van die onderstaande redes (in die blokkie) gebruik om jou te help.

| | |
|---|---|
| Ooreenkomstige hoeke $DE \parallel FG$ | Regoorstaande hoeke |
| Buitehoeke van 'n driehoek | Ko-binnehoeke $DE \parallel FG$ |
| Verwisselende hoeke $DE \parallel FG$ | Hoeke op 'n reguit lyn |
| Hoeke teenoor gelyke sye | Binnehoeke van 'n driehoek |



| | Bewering | Rede |
|---|---|---|
| 6.1.1 | $\hat{A}_2 = \hat{C}_5$ | |
| 6.1.2 | $\hat{B}_2 = \hat{C}_4$ | |
| 6.1.3 | $\hat{A}_2 = \hat{B}_2$ | |
| 6.1.4 | $\hat{B}_3 + \hat{C}_2 = 180°$ | |
| 6.1.5 | $\hat{B}_1 + \hat{B}_4 = 180°$ | |
| 6.1.6 | $\hat{B}_3 = \hat{A}_2 + \hat{C}_1$ | |
| 6.1.7 | $\hat{C}_3 = \hat{C}_1 + \hat{C}_5$ | |
| 6.1.8 | $\hat{B}_2 + \hat{C}_1 + \hat{A}_2 = 180°$ | |

(8)

6.2 Bereken die grootte van die onbekende hoeke $(x, y\ en\ z)$, met redes.



| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(6)

6.3 Bestudeer die skets en beantwoord die vrae:




6.3.1 Bereken die grootte van $x$, met redes.

| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(3)

6.3.2 Bereken die grootte van $y$, met redes.

| Bewering | Rede |
|---|---|
| | |

(3)

**Totaal: 60 punte**